PER LUGPOS
BY AIR MAIL
PAR AVION

DURBAN
19.00
10-XII
1966

POS
POS ... DIG

Mnr. J.W. GROBBELAAR,
SANAE IX,
ANTARKTIKA,
p/a DIE SENIOR VOORRADEBEAMPTE,
LEEUWENSTRAAT 27,
KAAPSTAD.

9.12.68.

Haai liewe ou broer van my,

Sjoe, ek het nou net uit Pappie 5 hemde, 2 safari-pakkie en 1 stel slaapklere gestryk, en ek voel gedaan! Pappie het ook nou net teruggekom van die grond af — het van net na werk daar gaan werk. Terloops, dis nou 8.05 nm. Hier vanwaar ek sit en skryf flikker die stadsliggies en lawaai die verkeer soos mal. Het ook net vandag jou brief gekry en soos altyd omtrent verslind. Ek is daarom bly dat jy die veldlewe só geniet het, maar wat maak Clive en Anton weer in die veld? of eerder — in die berge?

Op die oomblik eet Pa nou - Mammie sit en hekel aan nóg 'n kombers hier op die bank, terwyl AM van Schoor die afgelope wêreldgebeure in oënskou neem. Ek sit hier omring met boeke, skryfpapier, fotos en skyfies op die eetkamertafel (ag, 'skuus man, dit moes tafel gewees het.) Ek skryf nou vanaand uit dulaas en sal seker môre al die goed pos om daarom die ergste druk tyd met pos vry te spring.

'k Het toe ook vandag Clive se foto gaan haal — maar oe, as julle skrik gee ek hoegenaamd nie om nie; inteendeel — ek het self geskrik toe ek die spulletjie aanskou. Maar nouja ....

Johan, ai, glo my — ons verlang al baie na jou. Ek weet ook nie ui wat Clive daar bly nie — maar tenras Julle sal seker ook net so vreemd en alles rasend voel as julle hier aankom na die stille lewe op Sanau nie.

Manel - Annemarie hulle stuur baie groete, met hulle gaan dit redelik goed, hoe gelukkig sy is - weet ek nie, en sal ons seker ooit nooit kan sê nie.

Cozette word ook Saterdag geskeer om Kesfees Mooi te lyk, en ons sal (of ek sal baie goed ui haar sorg hoor!) (en vir die motor.)

Nouja boeta, alles van die heel beste en mooiste wat daar kan wees. Maar loop, wees versigtig en onthou ons verlang almal baie na jou.

Dan al die ander Sanau-lede, veral die 2 wat daar gaan agterbly,

alles van die beste en opregte groete van ons almal hier.

Wel, mooi loop — lekker "tan" in die warme weer van julle — en nouja, weereens alles van die beste.

Opreg verlangend,
Estelle. (en almal hier)

N.S. Johan, belowe my dat julle asseblief by Bloemfontein sal aanry wanneer julle terugkom as ek nie in Kaapstad sal kan wees nie?
Sal jy?
(As dit nie moontlik sal wees nie — dan toemaar, dit is dan maar tot daarna toe.)

Tata.

PER LUGPOS
BY AIR MAIL
PAR AVION

DURBAN
19.00
10-XII
1968

MNR. J. W. GROBBELAAR,
SANAE IX,
ANTARKTIKA,
p/a DIE SENIOR VOORRADEBEAMPTE,
LEEUWENSTRAAT 27,
KAAPSTAD.

Dei Gratia 14,
Woodburnoord,
Glenwood,
Durban.

6·12·68

Liewe oubaas van my,

Janee, 'n reënerige aand — tipies van Durban se somersaande. Die heel dag warm en drukkend, en dan saans so 'n afkoelende, verkwikkende reëntjie. Hoewel ek wonder nou eers — reën dit ooit by julle in Antarktika?

Hier gaan dit darem redelik goed — Pappie is vandaand besig om sy bye na die nuwe stuk grond toe verskuif. Hy het nog net 3 om te doen. Mammie lê half-uitgepaas op die bank van moegheid (slaap eintlik), en ek moet nou begin leer aan my werk. Eintlik voel ek ook moeg. Sjoe, ek belowe jou — om in 'n winkel te werk en kinderklere tydens Kerstyd te verkoop is geen grap nie! Nooit weer vir my nie, dankie! (Terloops, ek werk in Woolworths)

Die nuwe grond is reg op die grens tussen Westville en Pinetown — ook so

half op 'n koppie. Ons is reg by die straat wat as grens bestaan word (Daundyffweg) en val net-net aan die Pinetown-kant.
Tot dusver het Pappie niks daar gedoen nie, behalwe so 'n buitekamertjie gebou vir gereedskap, en verder nog net die vragte stene beskik vir die buitegebou. Wanneer dit 'n voorwaarde sal meen, weet ek nie. Die plan wat opgetrek is, is in elk geval 'n dekselse aaklike plan-skaap. 'n Bietjie kleiner as die vorige een, net 3 slaapkamers. Mammie is natuurlik reeds vol aaklike idees vir die huis; en as alles regkom, beloof dit 'n aaklike plek te wees.
Wat my betref - my eerste universiteitsjaar was wonderlik - heerlik! Ek wens net dat my eksamen ook nou agter die rug kan wees. Maar nouja - ek word half gedaan lepel ei die dooie stelk, en dit nogal in teenwoordigheid van my vriende, Stefaans, en die ander vriendinne Erikke. Weer dieselfde aan bekendheid as April verlede jaar. Nou ja - 'n neuroloog het my nou ondersoek, en wil my julie nou na Kersfees hospitaal toe neem vir ondersoeke en eksperimente! Verder moet ek leef op

4 pille per dag - moet my vet maak -
maar dan eerder vet wees, as knaend
pad sê die lug lê! Of hoe?
Nuja - ek het baie vriende gemaak oor
die jaar - baie plaaskinders leer ken en
sulke aangename mense is hulle. Dit
lyk nie of ek Februarie of wanneer julle
skool begin, sê die Kaap sal wees
nie. Maar ek weet nie hoe die eksamen
rooster sal wees nie. Ons begin die 12e
Februarie, maar omtrent twee weke daarna
skryf ons hereksamens - d.w.s. dié wat
ons afle - wat gewoonlik gebeur.
Die Administrasiegebou het my nog niks
laat weet nie. Miskien maak ek dit
nog - ek weet nie - hoop net so.
Werklik.
Nou toe, hoe gaan dit nog met julle
ysbewoners! Seker redelik goed nie.
Ag tog - mens verlang so baie -
Ek kyk kort-kort na my paar skyfies
wat ek geneem het, die dag met julle
vertrek, maar nou ja - nou lyk julle
seker heeltemal anders en onherkenbaar
met die lang hare en baarde.
Hoe het die seldverblyf verloop -

Dekels, maar ek sal voorwaar daarna uit om al die verhale, staaltjies tt te hoor en skyfies te sien. Maar waarskynlik sien ek dan vir Bloemfontein. Gaan julle so 'n effense draai my om en dan eers vir my kom hallo sê? Hoe gaan dit met al die ander? Eddie, Hennie, Gerrie, Anton Danie lens?

Oe, ons het ons byna slap gelag. Een Sondag (voorverlede Sondag) was ek en Pappie na Ron Jester toe - en na 'n vreugde lag geskakel met Kaapstad se hulp, kry ons julle toe in die hande. ZSANT né. Ma jy - Gerrie was seker daai'k woelerig met jou apparaat. Maar sy Engels! Ons kon skaars uitmaak wat hy sê - dit het sowaar soos 'n van der Merwe geklink wat Engels probeer praat!! Moet tog net nie dat hy dit hoor nie. Later het Brian oorgeneem - en toe was alles sommer sommer beter. Maar hoor - Gerrie se Engels! Ron het net sy kop geskud. Seker sal ons dieselfde nie meer so baie by Ron kan kom nie - maar dis maar net nou so tot daarnatoe.